KENNISGEWING VANUIT DIE REKTOR SE KANTOOR

Liewe Aros-studente,

Eerstens wil Aros se bestuur en personeel graag ons studente bedank vir die suksesvolle manier waarop die Junie-eksamen afgelê is. Ons is besonder dankbaar dat ons studente te midde van al die uitdagings steeds baie goed voorberei het vir die eksamen. Ons is trots om te kan sê dat die uitslae besonder goed lyk. Dankie vir julle samewerking in hierdie onsekere tye waarin ons almal opofferinge moet maak. Ons doen dit egter met dankbaarheid en blydskap, aangesien ons vas daarin glo dat die Here alles volgens sy raadsplan bestuur.

Met die oog op die kontaksessies van die tweede semester, wat volgens ons jaarbeplanning op 10/11 Julie 2020 moet begin, deel ons graag die volgende met julle:

1. Formele kontaksessies op die Aros-kampus sal nog nie op 10/11 Julie 2020 begin nie.
2. Aanlyn kontaksessies sal wel vanaf 10/11 Julie 2020 plaasvind.
3. Toetse en eksamens sal tot verdere kennisgewing aanlyn plaasvind, soos tydens die inperking.

Die Aros-bestuur het op Maandag, 22 Junie 2020 al die risiko's en moontlikhede bespreek. Die volgende faktore het die bogenoemde besluit beïnvloed:

1. Die veiligheid van ons studente en personeel is vir ons uiters belangrik en is daarom ons eerste prioriteit.
2. Covid-19 het nog nie sy draaipunt bereik nie en dit toon steeds 'n opwaartse kurwe.
3. Die regulasies van die Departement van Hoër Onderwys bepaal tans dat slegs 'n derde van die studente op kampus mag wees.
4. Die sosiale afstand, asook die beskikbaarheid en grootte van die lokale om bogenoemde werkbaar te maak, dien tans as 'n uitdaging.

Ons is dit eens dat Aros-dosente se aanlyn klasse van hoogstaande gehalte is. Juis hierom is ons van mening dat ons studente almal baie tevrede kan wees met die aanlyn sessies wat die afgelope tyd aangebied is.

Ons wil ons studente dus verseker dat die dosente in die toekoms steeds lesings sal aanbied wat van hoogstaande gehalte sal wees totdat ons meer duidelikheid het rakende fisiese kontaksessies en die regulasies daaromtrent.

Ons finalejaars is egter vir ons 'n besonder belangrike prioriteit, aangesien ons 100% wil seker wees dat elkeen van hulle gereed is om volgende jaar die onderwyslandskap met selfvertroue te betree. Wanneer daar egter meer duidelik is rakende die regulasies sal ons werkswinkels vir die finalejaars aanbied waar ons op afronding, ensovoorts gaan fokus.

Geen onderwyspraktykkursusse (netbal & noodhulp) sal op hierdie stadium aangebied word nie. Wees op die uitkyk vir meer kommunikasie hieroor op 'n latere stadium.

T 012 332 3227/8
F 012 332 3266
E info@aros.ac.za
W www.aros.ac.za

Posbus 31120
Totiusdal, 0134
Dickensonlaan 1180
Waverley, Pretoria, 0186

Aros is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienommer: 2012/HE08/001.

Aros

Wat die praktiese onderwys by skole betref, kan ons tans geen studente by skole plaas nie, aangesien die skole nie op die oomblik toeganklik is hiervoor nie. Verder kan ons ook nie studente by skole tans plaas nie omdat al die grade se infasering by skole nog nie plaasgevind het nie. Hier is ons finalejaars ook vir ons 'n besonder belangrike prioriteit. Sodra die Onderwysdepartement met ons rakende die praktiese onderwysplasings gekommunikeer het, sal ons dadelik met julle in verbinding hieroor tree. Ons moedig ons studente aan om die praktiese portefeuljes, wat ingehandig moet word, noukeurig te doen en moeite daarmee te doen. Ons wil julle ook verseker dat ons sal toesien dat die situasie geensins julle uitslae en suksesvolle afhandeling van julle studie nadelig sal beïnvloed nie.

Ons weet egter dat sommige van ons studente graag direk met die dosente wil kommunikeer rakende aspekte van hulle werk. Neem asb. daarvan kennis dat dosente nie tans almal elke dag op kampus beskikbaar is nie. As jy graag 'n dosent wil spreek, moet jy 'n afspraak per e-pos met die dosent maak. Besoeke aan jou dosent sal slegs per afspraak geskied.

In hierdie uitdagende tyd weet ons ook dat data vir ons studente 'n bron van kommer is. Vanaf Maandag, 13 Julie 2020 kan studente gebruik maak van die Aros-WiFi op kampus. Studentesake is tans besig om 'n besprekingstelsel daar te stel waar studente 'n plek in 'n lokaal (Die Ark of die biblioteek) kan bespreek vanaf Maandag–Vrydag tussen 09:00 en 15:30. Daar sal egter 'n beperkte aantal studente per lokaal toegelaat word, aangesien ons sosiale afstand moet handhaaf en regulasies moet nakom. Hou gerus die Studenteportaal, e-Klas en Facebook dop vir meer inligting oor hierdie besprekingstelsel.

Ons vertrou dat ons studente die bogenoemde in orde sal vind. Dit bly vir die bestuur van Aros en vir die personeel belangrik om ons studente se belange eerste te stel en daarom wil ons elkeen van julle verseker dat julle veiligheid en gesondheid prioriteit geniet.

Geniet die welverdiende ruskans. Ons sien uit om op 10/11 Julie 2020 die nuwe semester met ywer aan te pak, al is dit op 'n meer elektroniese manier.

Met dank vir almal se samewerking,

Prof PH Fick
Rektor
23 Junie 2020

T 012 332 3227/8
F 012 332 3266
E info@aros.ac.za
W www.aros.ac.za

Posbus 31120
Totiusdal, 0134
Dickensonlaan 1180
Waverley, Pretoria, 0186

Aros is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienommer: 2012/HE08/001.